Week 2 – Die Belofte

En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het. Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie. **Hand 1:4-5**

In **Efes. 1:13** word Die Heilige Gees uitdruklik "die Heilige Gees van die belofte," genoem

I. WAT IS DIE BELOFTE?

'n **Belofte** is 'n **versekering of waarborg** wat een persoon aan 'n ander gee dat **WAT HY Se, sal gedoen word..**

Num 23:19 God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?

'n Belofte van God is 'n VERKLARING van Sy voorneme om SY Gawe genadiglik oor ons almal uit te stort.

2Cor 1:20 Want hoeveel **beloftes van God** daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.

II. WAT HET DIE VADER ONS BELOWE?

1. **Aan die Ongelowige** – Die genade gawe is JESUS CHRISTUS as VERLOSSER.
2. **Aan die GELOWIGE** –
   a. Hy sal Sy Heilige Gees uitstort..in Krag .(**Hand1:8**)

Hand 2:17-18 ….., "**Ek sal My Gees uitstort op alle vlees"**:

b. **Daar is definitiewe resultate as die Heilige Gees in/oor ons kom** ……jou seuns en dogters sal **profeteer** ….jou jongmanne sal **visioene sien**, en jou oumense **drome droom**: ….. Selfs op jou diensknegte en diensmaagde **…..en hulle sal profeteer:**

III. Wat moet ons DOEN met die belofte?

1. **GLO dit – Joh 7:39** . En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.
2. **BID daarvoor** - **Jes 62:6** o Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie....Take no rest, all you who pray. (must remind Him)
3. **WAG daarvoor - Hand 1:4** En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.. [***Joh 14:16, 26; 15:26***.]
4. **Reinig Jouself daarvoor - 2 Kor 7:1** Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.
5. **ONTVANG dit - Gal. 3:14.--** sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.
6. **SMAAK DIT (Ondervind dit) - Psa 119:103 -(NAB)** Hoe soet is u beloftes vir my verhemelte, meer as heuning vir my mond.

Lees ook : Ps 34:8

Dag 8 – BELOFTES DEUR DIE PROFETE

A. DIE PROFESIE VAN JOEL... - Joel 2:28-32 (ong. 800 B.C.)
1. **Die elemente van hierdie prophesie sluit die volgende in:**
a. Die Gees sal uitgestort word op ALLE VLEES - **Joel 2:28**
b. Seuns en Dogters sal Profeteer, jongmanne sal visioene sien , oumense sal drome -- **Joel 2:28**
c. Diensknegte sal Gees ontvang - **Joel 2:29**

2. Die Profesie is vervul op die dag van Pinkster na die Hemelvaart van Jesus. Sien hoe Petrus die gebeurtenis met die Profesie verbind - **Hand 2:15-21**
a. Toe die Gees op die Apostels in Jerusalem uitgestort word **Hand 2:1-4** en hulle in ander tale laat spreek - **Hand 2:4-13**

B. DIE PROPHESIE OF JESAIA... Jes 44:3-5 (750 B.C.)
1. **Elemente van Profesie sluit die volgende in**:
a. God **stort Sy Gees uit oor die** nageslag van Israel -
b. Die Belofte van die Gees word verbind met die beeld van water gegee vir hom wat dors het - **Joh 7:37-39**
2. Ander profesie wat moontlik dui op die uitstorting van die Gees - **Jes 32:15-17 -** *totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; …. En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid.*
a. . **Jes 32:1-** Kyk, 'n koning sal regeer in geregtigheid, en die vorste sal heers volgens reg.
b. Die gevolge van die Uitstoting van die Geest: **Rom 14:17**- *Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.*

C. DIE PROFESIE OF ESEGIEL...- Eseg 36:26-27
1. **Elemente van hierdie profesie:**
a. God belowe om Sy Gees "**in ons**" te gee (inwonend)
b. Dit stel ons in staat ons om in SY wee te wandel, om verkwik te word en versterk te word - **Rom 8:11-13; Eph 3:16**
2. Nog 'n belofte wat dui op die uitstorting van die Heilige Gees - - **Eseg 39:29**
Hierdie profesie kyk verder as die ballingskap en herstel van Israel en is moontlik NIE vervul voor die koms van die Messias nie.

D. DIE PROFESIE VAN SAGARIA...- Sag 12:10
1. **Elemente van hierdie Profesie:**:
a. oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge;
b. Aansporing om op te kyk na Hom(Jesus) vir wie hulle deurboor het, - **Hand 2:32-37**
Joh 15:26 *Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig.*

Dag 9 – BELOFTE VAN STROME VAN WATER

Joh 7:37-39 …,*En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.*

In die O.T gedurende die Tabernakel Fees,(Fees van die Weke) was daar 'n daaglikse seremonie van water. Elke dag het die Priester en die mense hulle pad gevind na die bad van Siloam , 'n goue kruik is gebruik om water op te trek en terug te neem na die tempel en op die offer-altaar gegooi, Die woorde van **Jes 12:3** is gesing : **" En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil. "**
Die Heilige Gees word figuurlik voorgestel om **water** te wees wat eers **VIR ONS**, gegee word en dan **VAN UIT ons vloei -**

- **Die belofte v.d profete : (die Gees soos water)**

Jes 32:15, " totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken.
Isa 44:3, " Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.

- ***Die uitnodiging deur Jesus:*** -

". Jesus het gestaan en uitgeroep 'As iemand dors het, laat hom na my toe kom en drink.' " **JOHN 7:37**

a. **AAN WIE** ? – ope uitnodiging – as **(ENIG) IEMAND**….. dan gee hy die onderskeidende faktorr – **HULLE WAT GLO**
b. **DIE OMSTANDIGHEDE** - op hulle wat **DORS** het ? –

Psa 42:1-2 *Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; ….*
Psa 143:6 *Ek brei my hande tot U uit; my siel dors na U soos 'n uitgedorde land.*
Isa 55:1 *o Almal wat dors het, kom na die waters; ……*

WAT IS DIE BELOFTE ? – 'n verfrissende **drankie** wat in ons word 'n **rivier** van lewende water.
1) ***wat EERS*** "**ons siele" verfris**
"*Jesus answered and said to **her** (the Samaritan woman at Jacob's well...),…. but whoever drinks of the water that **I shall give him** will **never thirst**-.* **John 4:13**
2) **en dan die siele verfris rondom ons** deur Sy impak in ons lewens…….. *maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.* Mag ons dieselfde gesindheid en begeerte he as die vrou wat se "*Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie.* " (**John 4:13-15**)

Prayer : Lord thank you for the promise of the living water of which we can drink, like the Samaritan women we ask**, give me this water, that I may not thirst"** - I come to You faithful obedience ... AMEN

Dag 10 – BELOFTE VAN LEIERSKAP

Joh 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; …

Die GRIEKSE woord –"hodegeo"- to *show* the *way* [to *teach*]): - to guide,to lead – to act as a *conductor* [*teacher*]: - to be **a guide,** to be a **leader**. From 2 words ***hegeomai* (to lead)+ *hodos*** (**a *road*)**; by implication :***progress* on the route**, to take on journey, to lead on the highway.

Die belofte van Jes 58:11 - *En die HERE sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie.*

Die belofte van Jes 49:10 *Hulle sal geen honger en geen dors hê nie, en die woestyngloed en die son sal hulle nie steek nie; want hulle Ontfermer sal hulle lei en hulle saggies aanbring na die fonteine van water.* [***Open. 7:16, 17.***]

Die Gees is in hierdie verband net soos die SEUN :
Mat 4:19 *En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan,* (LAAT EK JULLE LEI) *en Ek sal julle vissers van mense maak.*

DAWID se verklaring :
Psa 73:24 *U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem.*
Psa 48:14 *dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd; Hy sal ons lei tot die dood toe.*
Psa 25:5 *Lei my in u waarheid en leer my, want U is die God van my heil. U verwag ek die hele dag.*
Psa 143:10 *Leer my om u welbehae te doen, want U is my God. Laat u goeie Gees my lei in 'n gelyk land.*

WAT DIE GEES SAL DOEN :
- Ons lei in alle waarheid: **John 16:13**
- Sal NIE uit himself spreek nie
- Alles wat Hy van die Vader hoor sal hy verkondig
- Hy sal dinge van die toekoms aan ons verkondig - **John 16:13**
- Hy (Heilige Gees) sal My (Jesus) verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig - **Joh 16:14**

OM DEUR DIE GEES GELEI TE WORD :
Rom 8:14 - Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God**..**
Gal 5:16 Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;
Gal 5:18 Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie.

***Prayer** : Lord let me be led , controlled and guided by the Holy Spirit because your Word states that this is how they will know that we are sons of God. AMEN*

Day 11 – BELOFTE VAN 'n MEESTER

Joh 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle (1) **alles leer** en (2) sal **julle herinner** aan alles wat Ek vir julle gesê het.

DIT MAAK SAAK WIE JOU LEERMEESTER IS

Dawid bely in **Psa 119:102** Ek het van u verordeninge nie afgewyk nie, want U (self) het my geleer.

GOD SE BELOFTE:

- **Jes 54:13** En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees.
- **…** And all your [*spiritual*] children **shall be disciples** [***taught by the Lord*** *and obedient to His will*], and great shall be the peace and undisturbed composure of your children. (AMPL)
- **….** *All your children **will have GOD for their teacher**-- what a mentor for your children*! (**MESSAGE)**

***Die profesie is vervul in* John 6:45** …… Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe. … *And they shall all **be taught of God** [have Him in person for their **Teacher**]. Everyone who has **listened to and learned from the Father** comes to Me--*

Psa 32:8 *Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.*

ONS IS DISSIPELS SOWEL AS DISSIPELMAKERS(Matt 28:19)

Kol 3:16 *Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. **Leer en vermaan mekaar** met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. …….*

Isa 50:4 *- Die Here HERE het My 'n **geoefende tong gegee**, dat Ek kan weet om **die vermoeide te verkwik** met woorde; Hy wek elke môre, Hy wek my oor om te hoor soos die leerlinge.*

OM 'N GOEIE DISSIPEL TE WEES ;

- *Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. **Leer en vermaan** mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here* **Kol 3:16**
- *Maar bly jy in wat **jy geleer het** en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van **wie jy dit geleer het**,* - **2Tim 3:14**
- *Verder dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons **geleer** het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees.***1Thess 4:1**
- *En wat julle **geleer** en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.* **Fil 4:9**

Heb 5:12 *For even though by this time **you ought to be teaching** others, you actually **need someone to teach you** over again the very first principles of God's Word.*

Om ' n Leermeester te wees is ;n geweldige verantwoordelikheid

Jak 3:1 *Moenie baie **leermeesters** wees nie, my broeders, omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan.*
NOT MANY [*of you*] should become **teachers** (self-constituted censors and reprovers of others), my brethren, for you know **that we [*teachers*] will be judged by a higher standard** and with greater severity [*than other people; thus we assume the greater accountability and the more condemnation*].

Ons moet seker maak dat ons bo verdenking is en nie self onder die oordeel val nie

Rom 2:21 jy *dan, wat 'n **ander leer, leer** jy jouself nie? .. Well then, you who teach others, do you not teach yourself?*

AS GOD ONS LEERMEESTER IS :

- **Psa 119:99** Ek is verstandiger as al my leermeesters, want u getuienisse is my bepeinsing.. [***II Tim. 3:15.***]
- **1John 2:27** En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie **nodig dat iemand julle leer nie;** maar soos dieselfde **salwing julle aangaande alles leer**, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly.

DIE HEILIGE GEES GEBRUIK DIE WOORD - 2Tim 3:16-17

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot :

1. **Lering**, (**Instruction)**, - gee rigting en kennis
2. tot **Weerlegging**, (**Reproof)** en oortuiging van sonde,
3. tot **Teregwysing**, (**Correction)** teen foute en vir dissipline
4. tot **Onderwysing in die Geregtigheid**, - for (**Training in Righteousness)** (in om 'n heilige lewe te lei in gehoorsaamheid aan God se Woord en Wil),

2Tim 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus. …So that the man of God may **be complete and proficient, well fitted and thoroughly equipped** for every good work.

DIE HEILIGE GEES GEBRUIK OOK MENSE -

Eph 4:11-12 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en **leraars,** ….om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,

1Cor 12:28 *En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde **leraars**, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.*

AS ONS NIE DIE HEILIGE GEES toe laat om ons te LEER NIE, sal ons altyd geestelike "BABAS" bly

***Prayer** : Thank you Holy Spirit that You are my Teacher, I make myself available to be taught by You Instruct me in the way I should go so that I can teach and lead others. Amen.*

Dag 12 – BELOFTE VAN DIE DOOP MET VUUR

Die Belofte van Johannes die Doper in Mat 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. .....*He (Jesus)will baptize you with the **Holy Spirit and with fire**.*

Jesus bevestig dit in Hand 1:5 Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.

Ons vind bevestiging in Luk 3:16-17 —Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur "**skoonmaak"** en sy koring "**saambring"** in sy skuur, maar die kaf met onuitbluslike vuur "**verbrand".**
"*He will baptize you with the Holy Spirit and with fire. His winnowing fork is in his hand to "**clear"** his threshing floor and to "**gather"** the wheat into his barn, but he will "**burn"** up the chaff with unquenchable fire.*" **(3:16d-17)**

Die proses van voorbereiding van die graan behels die volgende:

1) **DORSING** – (**threshing)**, dit is die uitslaan, en fynstamp van die graankorrels; en (2) **WANNING** – (**winnowing**) opgooi van die gedorsde graan in die lug met 'n houtvurk , sodat die kaf kan wegwaai en die graankorrels alleen terugval na die grond. So word die 2 geskei.. Die vloer word **SKOONGEMAAK** deur eers die DORSING en dan die WANNING van die graankoppe totdat die KAF en die GRAAN total van mekaar geskei is.. Die graan word dan **BYMEKAARGEMAAK** in mandjies en in die skuur gebere, maar die Kaf word bymekaargemaak en aan die brand gesteek.(**Verbrand**.)

MESSAGE -Luk 3:16-17 ..(HE, JESUS)…. will ignite the kingdom life, **a fire, the Holy Spirit** within you, changing you from the inside out. He's going to **clean house**--make a clean sweep of your lives. He'll **place everything true in its proper place** before God; **everything false he'll put out with the trash to be burned**."

1. **SKOONMAAK** -. Die werkwoord "**skoonmaak**" in die Grieks is " ***diakathairo***, "skoonmaak " ; ***clean out, cleanse thoroughly***."

Die DORSVLOER is die AARDE , die KORING is die Kinders van God en die KAF is die ongelowiges (Heidene).

Joh 16:8 en as **Hy** kom, sal **Hy** die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel:
1. van **sonde**, omdat hulle in My nie glo nie;
2. en van **geregtigheid**, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie;
3. en van **oordeel**, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.

Die Gelowiges(koring) is hulle watJesus Christus aangeneem het as persoonlike Saligmaker volgens **Joh 1:12** - *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; **DIt is die DORSING en WANNING werk van die Heilige Gees om te bepaal WIE ware Seuns van God (koring) is … en wie is NIE .(KAF).***

2. **VERGADER - Griekse woord=**
"sunago" *to lead together, om te kollekteer / to collect or convene; to entertain (hospitably): to accompany,* ***om bymekaar te maak*** *;* ***to assemble together****, to gather , to lead into, to resort,to take in.*

Slegs wedergebore kinders van God kan die Heilige Gees ontvang en die Doping met die Heilige Gees gee 'n duidelike indikasie van WIE is die KINDERS VAN GOD. **Die "tonge van vuur"** wat bokant die koppe van die 120 dissipel in die bovertrek verskyn het op die Dag van Pinkster , (**Hand 2:3**) was die vervulling van **Luk 3:16** . Die VUUR is 'n teken van die **Shekinah heerlikheid van God** wat uitgestort word op die kinders van God (**Koring**)
Ons vind dieselfde vergelyking in Mat 13:25-38 -" *Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.*
Mat 13:38 *en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,*

3. **VERBRAND** - **Grieks – "katakaio"**-; to *burn down* (to the ground), that is, *consume wholly:* - burn (up, utterly).
Afgelei van die woord - "kaio"- om aan die brand te steek ; to *set on fire*, that is, *kindle* ; to *consume:* - burn, light.

3 VOUDIGE TOEPASSING VAN DIE VUUR

1. **Die Vuur van God IN ons –** Hulle wat vervul word met die Heilige Gees word gedoop in VUUR*;* soos die 7 Geeste van God verskyn as die 7 lampe van **Open 4:5**. Hulle word **(1)VERLIG** (illuminated). en **(2)VERWARM**/ aan die brand vir God.

2. **WEG-BRAND van alle ongeregtigheid**
Soos wat ons oortuig word van dinge wat NIE van God is en NIE Jesus Christus verheerlik nie, ,sal die HEILIGE GEES alle ongeregtigheid "**wegbrand**". Dit is Heiligmaking.. Min of meer soos geber het met Jesaja in **Jes 6:6-7** *Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen….. and* ***thine iniquity is taken away, and thy sin purged.***

3. **DIE EINDTYD OORDEEL**
Mat 13:39-42 en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele. Net soos die onkruid dan **bymekaargemaak** en met vuur **verbrand word**, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: ,,,,,,Lees : **Luk 3:17** , **Jes 5:24; Jes 61:2; Jes 66:24.**
Joh 15:6 *As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.*

Prayer : Vader dankie dat U ons U Gees gegee het; Dankie Jesus dat U ons gedoop het met die Heilige Gees en met Vuur; Heilig en Reinig ons en help ons helder te skyn soos ligte in hierdie wereld.

Dag 13 – BELOFTE VAN KRAG

Hand 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

AMPL- Act 1:8 But **you shall receive power** (ability, efficiency, and might) when the Holy Spirit has come upon you, **and you shall be My witnesses** ….

JESUS SE OPDRAG AAN SY DISSIPELS

Luk 24:49 En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte.

Hulle was nie veronderstel om ENIGIETS te doen VOORDAT hulle nie aangedoen is met KRAG van die Gees nie

1. "WAT ?" is dit wat ons moet he? - KRAG

Griekse woord "Dunamis" - **Krag** / *force* ; miraculous *power* ; ability, abundance, power to perform mighty deeds, miracle working power, STERKTE ; strength, (wonderful) work.

2. "HOEKOM ?"moet ons dit he ?

- Om die odrag te vervul - **Matt 28:19**
- **Om Jesus se GETUIES(Ambassadeurs) te wees .**

3. WAAR ?

Jerusalem *– Ons lokale omgewing (stad, dorp)*
Judea *– Omliggende gebiede (in die land)*
Samaria *– Buite ons land , in die kontinent*
Ends of the earth *- Oorsee , buite ons kontinent*

❖ **Hand 4:33** En met **groot krag** het die apostels **getuienis gegee** van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal.

❖ **Hand 6:8** En Stéfanus, vol van geloof en krag, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.

❖ **Rom 15:19** deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illírikum;

❖ **1Kor 2:4-5** en my rede en my prediking was …. in die **betoning van gees en krag,..** sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in **die krag van God**.

❖ **1Kor 4:19-20** ….want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar **in krag.**

PAULUS SE GEBED:

Efes 1:17-19 *dat die God van onse Here Jesus Christus, ..aan julle … mag gee, verligte oë van julle verstand,* ***sodat julle kan weet*** *wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die* ***uitnemende grootheid van sy kra****g is vir ons wat glo, na die werking van* ***die krag van sy sterkte…*** …..**that ye may know** ….**…** what *is* the **exceeding greatness of his power** to us-ward who believe, according **to the working of his mighty power,**

Prayer : Vader dankie vir die belofte dat ons met Krag aangedoen sal word as die Heilige Gees oor ons kom. Vervul ons dan nou met die Krag van die Gees sodat ons U getuies kan wees, waar U ons ookal stuur.

Dag 14 – BELOFTE VAN SEENINGE

LEES : Gal 3:1-14

Vraag 1. …. het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?

Vraag2. …Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?....*Does God give you his Spirit and work miracles among you because you observe the law, or* ***because you believe*** *what you heard?*

KOM ONS KYK NA Abraham:

- *"**Hy het God geglo**, en dit is hom tot geregtigheid gereken."*
- *…. Hulle wat GLO is kinders van Abraham.*
- *God sal die heidene regverdig deur GELOOF… "*
- *ALLE NASIES SAL IN JOU GESEEND WEES"* Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham..
- *"**Die Regverdige sal uit die Geloof lewe**."*
- Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—
- Gal 3:14 sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.

Hierdie skrifgedeelte wys ons dat die belofte aan Abraham en sy nageslag**,** deur Jesus Christus (sy saad), aan alle nasies op aarde, is **die Heilige Gees.** Die SEEN van Abraham het alles te doen met die SALWING OM TE HEERS . **(Om te regeer).**

Die belofte aan Abraham in **Genesis 17:6** :

1. **EERSTENS** - En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak ;
2. **Secondly** - Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.

So as ons die SEEN VAN ABRAHAM proklameer, dan se ons eintlik:

1. Dat ons die **salwing** het om in alles **voorspoedig** te wees ….

Efes 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met **alle geestelike seëninge** in die hemele in Christus,

2. Dat ons **salwing het om te regeer** in elke omstandighedi in ons lewens ; Ons is Konings

1Pe 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

ONS IS GESEEND OM 'n SEEN TE WEES VIR ANDER:.
LEES: 2Jo 1:3 ; **Heb 13:25** ;**2Tim 1:2** ;
2Thess 3:18 - Die genade (SEEN en GUNS) van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen.

SELGROEP-MATERIAAL - Week 2

1. VERWELKOMING
2. AANBIDDING
3. **WOORD: - Die Belofte van die Gees (John 7:37-39)**

1. Lees die volgende skrifte - Joh 7:38; Jes 44:3; Jes 58:11 ; Jes 55:1; Ps 36:8-9." –
a. Bespreek hoe die belofte in **John 7:38** ons 'n seen maak vir ander? Lees ook **Gen 12:2-3 ;** _____
b. Hoe vergelyk dit met die belofte van **Gal 3:14**
Lees ook : **Deut 28:1-14 ; 1Kron 4:10**_____

2. VIR WIE is die belofte van Jes 44:3 ? – **Job 5:25** ; *I will pour My Spirit upon your offspring, and My blessing upon your descendants.* **[LEES: *Jes 35:6, 7; Joel 2:28; Matt. 11:5.*]**

3. BESPREEK DIE probleem van of Jes 32:15 totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken.
. [Ps. 104:30; Ezek. 36:26, 27; 39:29; Zech. 12:10.]

4. Hoe dink jy is **Jes 58:11 nog van toepassing op ons vandag ? Vergelyk met die volgende skrifte : Ps 1:1-3 ; Jer 17:5-8**

5. Hoe is die volgende skrifte verwant aan die kerk van vandag ? - Joe 3:18 ; ***Eseg. 47:1-12; Amos 9:13; Sag. 14:8-9***

6. Aan wie word die belofte van John 7:39 gegee ? – Bespreek ? Veral in die lig van f **John 3:16 ; John 1:12**

7. BESPRREK hoe die belofte van Johannes die Doper t.o.v van Jesus se EERSTE koms , verwant is aan on swat die Gees vir Jesus se TWEEDE koms ?
Luk 1:15-17., …. en hy sal vervul word met die Heilige Gees reeds van die skoot van sy moeder af. [***Num. 6:3.***]
a. En hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God.
b. En hy sal voor Hom uit gaan … om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders
c. en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges,
d. om vir die Here 'n toegeruste volk te berei. …. in order to make ready for the Lord a people [*perfectly*] prepared [*in spirit, adjusted and disposed and placed in the right moral state*]**.**
[LEES: *Isa. 40:3; Mark 1:3; Mal. 4:5, 6.*]
Sien die VERVULLING : Luk 1:41 ..
So sal elke belofte van God vervul word in ons lewens !!!

SLOT: BID VIR MEKAAR VIR DIE DOPING MET DIE HEILIGE GEES